LINKS: Jean-Marie het die kaartjies met tafelnommers op gemaak. REGS: Die pasgetroudes word by die onthaal verwelkom. NAASREGS: Die verliefdes klink 'n glasie. HEEL REGS: Die beligting, kerse en ragfyn gordyne het die atmosfeer help skep.

BO: Die dekor het 'n romantiese, ontspanne gees geskep. REGS: Voor (van links) is Frans Malherbe, De Kock Steenkamp, Schalk Burger, Brok Harris, Deon, Tiaan Liebenberg, Deon Carstens en Michael Rhodes. Agter (van links) is Duane Vermeulen, Pat Cilliers en 'n strooijonker, PJ Kleinhans.

(Van vorige bladsy)

"Deon, in die huwelik moet jy niks terugpraat nie, niks. Dan sal jul pad vorentoe mooi en maklik wees."

Ook 'n boodskap van die Kaap-na-Rio-seiljagvaarder Gerrie Schoeman, 'n vriend van die bruidspaar, en sy medevaarders op die Dodo word voorgelees: "Mag jul anker van respek stewig wees, jul seile vol geluk, jul kompas reguit wys."

Ná 'n watertand-hoofgereg van gebraaide lamsboud en spinasie en hoenderrol met groente, pampoenkoekies in karamelsous en roomaartappels bring die bruidegom hulde aan sy bruid: "Liefie . . . *Wow*, jy verras my voortdurend, jy is 'n droom wat waar geword het.

"Ons kom nou al 'n lang pad saam, deur soveel hoogte- en laagtepunte – van saamhuil nadat ons 'n halfeind verloor het tot saamhuil ná 'n episode van Private Practice."

En dan raak hy weer ernstig met 'n paar